

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

(1) GENERAL ACCIDENT INSURANCE

CO (SA) LTD Appellant

en

NAOMI GLORIA SUMMERS Respondent

(2) DIE SOUTHERN VERSEKERINGS-

ASSOSIASIE BPK Appellant

en

HENDRIK MICHIEL CARSTENS N O . Respondent

(3) GENERAL ACCIDENT INSURANCE COMPANY

OF SOUTH AFRICA LIMITED Appellant

en

MHLENGANI NHLUMAYO Respondent

Coram: RABIE WND HR, JANSEN, VILJOEN, HOEXTER et

BOTHA, ARR.

Verhoordatum:

Leweringsdatum:

6 Mei 1987

2 Junie 1987

7 Mei 1987

8 Mei 1987.

U I T S P R A A K

RABIE WND HR:

In hierdie uitspraak word drie appèlle
behandel. Die uitsprake waarteen geappelleer word,
is gerapporteer: kyk (1) Summers v. General Accident
Insurance Co South Africa Ltd 1985(3) SA 418 (K);
(2) Carstens N O v. Southern Insurance Association

Ltd/.....

Ltd 1985(3) SA 1010(K) en (3) Nhlumayo v. General

Accident Insurance Co of SA Ltd 1986(3) SA 859 (D).

Die appellant in elk van die drie sake is 'n bevoegde
 versekeraar ingevolge die bepalinge van die Wet op
 Verpligte Motorvoertuigversekering No. 56 van 1972, en die
 appèl in elk van die gevalle is gerig teen die bedrag
 wat die betrokke appellant deur die verhoorhof gelas
 is om as skadevergoeding aan die eiser in die saak
 te betaal. Volgens die appellante se betoë het
 al drie die verhoorhore dieselfde foutiewe metode,
 of benadering, gevolg toe hulle die bedrag van skade-
 vergoeding moes bepaal en het hulle as gevolg daarvan
 'n te hoë bedrag vasgestel. Dieselfde vrae duik in

die/.....

die drie gevalle op en die appèlle kan gerieflik
saam behandel word.

Ek gee hieronder eers 'n kort uiteensetting
van die belangrikste feite van die sake en van die
getuienis wat die partye in verband met die vraag
van die berekening van skadevergoeding voorgelê het.
Daarna bespreek ek die vraag of die howe by die be-
rekening van skadevergoeding 'n verkeerde metode gevolg
het.

In die Summers-saak was die feite soos volg.
Die aksie is ingestel deur Naomi Gloria Summers, die
moeder en natuurlike voog van Tracy Lee Martin (hier-
na "Tracy" genoem), wat op 10 Augustus 1976 gebore is.

Haar/.....

Haar vader was Paul Jonathan Martin, wat op 5 September 1982 gedood is in 'n botsing tussen 'n motorfiets waarop hy gery het en 'n motorkar wat by die verweerder-maatskappy (nou die appellant) ingevolge die bepalinge van die bogenelde Wet op Verpligte Motorvoertuigversekering verseker was. Die verhoorhof het bevind dat die bestuurder van die motorkar vir die botsing verantwoordelik was en hierdie bevinding is nie op appèl aangeveg nie.

Martin, wat nie met Tracy se moeder getroud was nie, was 28 jaar oud toe hy gedood is. Hy het ten tyde van sy dood ongeveer R450 per maand verdien en dit was gemene saak dat hy in daardie tyd elke maand R45 tot die onderhoud van Tracy bygedra het en dat hy sou voortgaan/.....

gaan om dit te doen as hy nie gedood is nie.

Tracy se moeder het op 8 Februarie 1984

'n aksie ingestel waarin sy R7 052-67 weens die verlies aan onderhoud wat Tracy as gevolg van haar vader se dood gely het, van die appellant geëis het.

By die verhoor het mnr H W Beets, 'n aktuaris van Kaapstad, ten behoeve van die eiseres getuig.

Hy het die skade wat Tracy gely het soos volg bereken.

Hy het aangevoer dat Tracy se vader ten tyde van sy dood R45 per maand tot haar onderhoud bygedra het en dat daardie bedrag elke jaar daarna, tot op Tracy se 18de verjaardag (wanneer sy selfstandig sou word), groter sou geword het - net soos Martin se salaris - om met die inflasiekoers tred te hou. Daarna het hy

die/.....

die maandelikse bedrae wat Martin gedurende die tydperk

5 September 1982 (die datum van Martin se dood) en 1

April 1985 (wat byna met die datum van die verhoor -

20 Maart 1985 - saamval) aan onderhoud sou betaal

het, bymekaar getel. Die totaal was R1 597. Wat

Tracy se verlies ná 1 April 1985 betref, het Beets

eers uitgewerk wat Martin vanaf daardie datum tot

op Tracy se 18de verjaardag by wyse van maandelikse

betalings aan haar onderhoud sou bestee het en toe

het hy deur 'n verdiskonteringsproses die waarde van

al daardie betalings, soos op 1 April 1985 bereken,

bepaal. Die bedrag wat aldus bepaal is, was R6 330.

Daarna het Beets die totaal van die bedrae R1 597 en

R6 330/.....

R6 330, d.w.s. R7 927, met die oog op gebeurlikhede ("contingencies") wat daartoe kon bygedra het om die bedrae te verminder, met 5% verminder. Dit het hom toe 'n bedrag van R7 531 gegee, wat hy as Tracy se skade beskou het. By 'n vóórverhoorkonferensie is ooreengekom dat indien dit veroorloof was om, soos Beets gedoen het, Tracy se verlies gedurende twee tydperke te bereken (t.w. (1) die periode tussen Martin se dood en 1 April 1985, en (2) die periode tussen 1 April 1985 en Tracy se 18de verjaardag), Tracy se totale verlies R7 000 bedra het. (Kyk 1985(3) SA op 420B.)

Die/.....

Die appellant het ook 'n aktuaris, mnr R J

Koch, as getuie opgeroep om oor die vraag van die

bepaling van skadevergoeding te getuig. Sy benadering

wat dié aangeleentheid betref, word soos volg uit-

eengesit in die verslag wat hy vir die doel van sy

getuienis by die verhoor opgestel het:

"A lump-sum award for loss of expectations of support is understood to represent the market value of the chance which has been lost of receiving such support. Because there is no market trading in lost support it is necessary to estimate a market value by means of a financial model which incorporates expected average rates of interest, inflation and mortality. As a first step an estimate is made of the yearly losses which are expected as the reasonable and

probable/.....

probable consequences of the death. This series of yearly amounts is then reduced to present value by means of discounting techniques."

Die getuie het, soos Beets, uitgewerk welke bedrae Martin waarskynlik gedurende elk van die bogemelde twee tydperke as onderhoud sou betaal het, maar hy het, anders as Beets, die totaal van die bedrae wat gedurende elk van die tydperke betaal sou gewees het, verdiskonteer om te bepaal wat die waarde daarvan op die dag van Martin se dood (die datum van die delik) sou gewees het. Die bedrae wat hy op dié wyse bepaal het, was R1 272 in die geval van die eerste tydperk en R3 916 in die geval van die tweede tydperk. Die

totaal/.....

totaal van hierdie twee bedrae (R5 188) het hy met 5% verminder om vir gebeurlikhede voorsiening te maak, wat meegebring het dat hy Tracy se skade op R4 929 vasgestel het. By die vóórverhoorkonferensie is ooreengekom dat indien Koch se berekeningsmetode as die korrekte aanvaar sou word, skadevergoeding ten bedrae van R5 000 aan Tracy toegeken moes word. (Kyk 1985(3) SA op 420 B.)

Koch se standpunt was dat iemand wat vanweë 'n delik skade ly, se skuldoorsaak op die datum van die delik ontstaan en dat die vergoeding waarop hy geregtig is gevolglik vasgestel moet word op die waarde wat dit op daardie datum gehad het. Verliese

wat/.....

wat uit 'n delik voortvloei, moet dus, volgens die getuie, tot op die datum van die delik verdiskonteer word en nie, soos Beets ten opsigte van die tweede tydperk, hierbo genoem, gedoen het, tot op die datum van die verhoor nie. Wat betref Beets se standpunt dat verliese wat by die verhoor reeds gely is onverminderd toegeken moet word (d.w.s. sonder dat dit aan verdiskontering onderwerp word), was Koch se mening dat dit eintlik daarop sou neerkom dat rente op 'n ongelikwideerde skadevergoedingsbedrag toegeken word, wat regtens ongeoorloof is. Die rente wat toegeken word, is, volgens hierdie siening van die saak, daardie bedrag wat die reeds gelede skade (soos deur Beets

bereken/.....

bereken) groter is as die verdiskonteerde waarde daarvan soos op die datum van die delik. Volgens Koch se benadering laat 'n mens rente op 'n ongewoonlikwildeerde skadevergoedingsbedrag toe as jy vergoeding vir toekomstige skade tot op die datum van die verhoor verdiskonteer in plaas van tot op die datum van die delik.

Die verhoorhof was van mening dat daar 'n genoegsame ooreenkoms tussen die feite van hierdie saak en dié van Wigham v. British Traders Insurance Company Ltd 1963(3) SA 151 (W) bestaan om die toepassing van die benadering wat in daardie saak gevolg is, te regverdig, en het R7 000 as skadevergoeding toegeken. Hieruit blyk dat die hof Beets se berekening van die skadevergoeding aanvaar het.

In/.....

In die Carstens-saak is 'n sestienjarige seun, Clive Cornelius (hierna "Clive" genoem), op 15 Desember 1979 in 'n motorbotsing beseer. Die botsing is veroorsaak deur die nalatige bestuur van die bestuurder van 'n motorkar wat ingevolge die bepalinge van die gemelde Wet op Verpligte Motorvoertuig-versekering by die appellant verseker was. Clive, wat destyds gewerk het, is so ernstig beseer dat hy nooit weer enige werk sou kon doen nie. Sy vader (Eric Cornelius) het in Julie 1983 'n aksie ingestel om skadevergoeding te eis vir die skade wat Clive gely het. In 'n later stadium is 'n curator ad litem vir Clive aangestel. Hierdie curator ad litem is die respondent in die appèl. Die verhoor het op 22 November 1984

begin/.....

begin, d.w.s. byna 5 jaar nadat Clive beseer is.

Die partye het by 'n vóórverhoorkonferensie oor 'n hele paar aangeleenthede tot 'n ooreenkoms met mekaar geraak, o.a. dat Clive se algemene skade

R30 000 beloop het; dat hy as gevolg van sy beserings

totaal arbeidsongeskik was; dat hy vóór sy beserings

R112 per week verdien het; dat hy daarna dieselfde

salaris, soos van tyd tot tyd aangepas om met die in-

flasiekoers tred te hou, sou verdien het, en dat hy,

indien hy nie beseer is nie, waarskynlik tot sy 65ste

jaar sou aanhou werk het.

Die vernaamste geskil tussen die twee partye by die verhoor was oor die vraag hoe die skadever-

goeding/.....

goeding wat aan Clive toegeken moes word, bereken moes word. Albei partye het 'n aktuaris as getuie opgeroep. Mnr J. de Bruyn het ten behoeve van Clive getuig, en mnr Koch, wat ook in die Summers-saak getuig het, was die verweerder-maatskappy se getuie.

Mnr De Bruyn se benadering tot die aangeleentheid was dieselfde as dié van Beets in die Summers-saak. Hy het die vergoeding ten opsigte van twee tydperke bereken. Die eerste was die tydperk tussen die datum waarop Clive beseer is (15 Desember 1979) en die datum van die verhoor (wat as 1 Desember 1984 geneem is), en die tweede was die tydperk vanaf die datum van die verhoor tot die datum waarop Clive .

sou/.....

sou gewerk het indien hy nie beseer is nie. Hy het aan die hof gesê dat sy oogmerk met die berekening wat hy gemaak het soos volg was:

"The purpose of the exercise was to place the plaintiff, as far as possible, in the position he would have been in, financially speaking, if the accident had not occurred. But the problem resolved itself into finding a lump sum payment which was equal in value to an assumed series of earnings which was presumed lost. To do this one capitalised this series of payments and when you capitalise something you try to find the present value, which means a discounting approach and you aim to discount this to the date at which you actually make the lump sum payment."

Die verliese wat Clive tot 1 Desember 1984 gely het, was, volgens De Bruyn se berekening, R17 749. Hierdie bedrag is, die totaal van die bedrae

wat Clive waarskynlik as salaris sou ontvang het as hy

nie beseer was nie, en dit is nie verdiskonteer nie.

Wat toekomstige verliese betref, het De Bruyn die bedrae

wat Clive waarskynlik sou verdien het as hy nie be-

seer was nie, terugverdiskonteer tot op 1 Desember

1984. Die resultaat was die bedrag van R147 819.

De Bruyn het dieselfde metode gevolg om die waarde

van die verwagte pensioen wat Clive verloor het, te

bepaal. Hierdie waarde, soos op 1 Desember 1984

bereken, was R4 924.

De Bruyn het in die loop van sy getuienis

gesê dat dit tot die nadeel van 'n persoon wat op

skadevergoeding geregtig is, strek indien die vergoeding

tot/.....

tot op die datum waarop die delik gepleeg is, verdiskonteer word. Die bedrag wat tot op die datum van die delik verdiskonteer is, het hy gesê, sou 'n eiser vir sy skade vergoed indien dit op daardie datum aan hom betaal sou word, maar dit vergoed hom nie daarvoor indien die bedrag eers by die verhoor, wat lank ná die pleeg van die delik kan plaasvind. (in die onderhawige geval, byna 5 jaar), aan hom betaal word nie. Wanneer die eiser so laat betaal word, het hy gesê, "you have denied him the opportunity of investing it for five years." Die oogmerk by die berekening van skadevergoeding, het hy getuig, is om die be-seerde in dieselfde posisie te plaas waarin hy sou gewees het as hy nie beseer is nie, en, het hy gesê,

"You/.....

"You cannot achieve this by giving him a lump sum that you should have given him five years ago."

Koch het, net soos De Bruyn, uitgewerk wat Clive waarskynlik gedurende elk van die bogemelde twee tydperke sou verdien het indien hy nie beseer is nie, maar het, anders as wat De Bruyn gedoen het, albei die bedrae wat hy op dié manier bepaal het tot op die datum van die delik verdiskonteer. Hy het getuig dat hy tot op die dag van die delik verdiskonteer het omdat 'n mens vergoeding vir die verlies van die eiser se verdienvermoë ("earning capacity") moet bepaal, en nie vergoeding vir 'n verlies van inkomste nie, en omdat die eiser se verdienvermoë op die datum van die delik vernietig is. 'n Mens se

verdienvermoë/.....

verdienvermoë, het hy gesê, is 'n bate ("asset"), en 'n mens moet die waarde daarvan bepaal op die datum waarop dit vernietig of beskadig word. Wanneer die partye by die verhoor probeer bepaal wat die waarde van daardie bate ten tyde van die pleeg van die delik was, het Koch gesê, moet dit beskou word asof "the parties negotiating the deal are negotiating a price at a date some years back, but taking into account that information which has become available since that date in order to more accurately assess the chances." Met betrekking tot sy standpunt dat dit/die berekening van skade-^{by} vergoeding om die bepaling van die beseerde se

verdienvermoë/....

verdienvermoë ("earning capacity") gaan, het die ge-

tuie verwys na Santam Versekeringsmaatskappy Bpk v.

Byleveldt 1973(2) SA 146(A), waar Rumpff AR gesê het

(op 150 C-D):

"Die verlies van geskiktheid om inkomste te verdien, hoewel gewoonlik gemeet aan die standaard van die verwagte inkomste, is 'n verlies van geskiktheid en nie 'n verlies van inkomste nie."

Koch het verder gesê dat indien 'n mens 'n skadever-

goedingsbedrag tot op die dag van die verhoor in

plaas van tot op die datum van die delik verdiskonteer,

jy op 'n indirekte manier doen wat jy nie regstreeks

mag doen nie, nl. om rente op 'n ongelikwideerde

skadevergoedingsbedrag toe te laat.

Koch se metode van berekening het meegebring

dat/.....

dat hy die vergoeding wat aan Clive toegeken moet
word op 'n heelwat laer bedrag as De Bruyn bepaal het,
nl. R11 044 as vergoeding vir skade gedurende die
eerste periode (soos hierbo genoem) gely, en R56 384
as skadevergoeding ten opsigte van die tweede periode.
(Ek laat die bedrag wat hy vir algemene gebeurlikhede
("general contingencies") van hierdie bedrae afgetrek
het, buite rekening.)

Die verhoorhof het De Bruyn se benadering gevolg.

Daar is, behalwe die kwessie van verlies
van inkomste, of verdienvermoë, ook 'n paar ander
aangeleenthede met betrekking tot die vraag van
skadevergoeding wat in die verhoorhof, en ook voor
ons, beredeneer is. (Kyk, wat die verhoorhof betref,

1985/.....

1985(3) SA op 1023 D - 1028 D en 1029 D-G.) Dit

sal gerieflik wees om eers later in die uitspraak

daaraan aandag te gee.

In die Nhlumayo-saak is die eiser (nou die respondent) op 27 Oktober 1979 omgery deur 'n motor-
kar wat ingevolge die bepalings van die gemelde Wet
op Verpligte Motorvoertuigversekering by die appellant-
maatskappy verseker was. Nhlumayo, wat toe 32 jaar
oud was, is ernstig beseer. Een van sy arms moes
afgesit word, en as gevolg daarvan kon hy nie voort-
gaan met die werk wat hy voorheen gedoen het nie.
Hy was 'n werker in die boubedryf. Hy het op 26
Januarie 1984 'n aksie om skadevergoeding teen die
appellant ingestel. Die verhoor het in September 1984 plaas-
gevind/.....

gevind en uitspraak is in April 1985 gegee. Nie
een van die advokate wat die partye by die verhoor
verteenwoordig het, kon aan die verhoorhof sê waarom
daar so 'n lang vertraging was voordat die aksie
ingestel is nie.

Die partye het vóór die verhoor met me-
kaar ooreengekom dat Nhlumayo vir 60% vir die botsing
waarin hy beseer is, verantwoordelik was en dat hy
dus op vergoeding van 40% van die skade wat hy gely
het, geregtig was. Hulle het terselfdertyd ook oor-
eengekom dat Nhlumayo se algemene skade R30 000 was
en dat sy mediese onkoste R2 738 beloop het. By die
verhoor het albei partye 'n aktuaris as getuie opgeroep.

Mnr/.....

Mnr D G Rolland het ten behoeve van Nhlumayo getuig,
en mnr A J Koch (wat ook in die Summers- en Carstens-
saak getuig het) ten behoeve van die appellant. Nadat
al die getuienis in die saak aangehoor is, is die
verhoorhof deur die advokate meegedeel dat die partye
soos volg met mekaar ooreengekom het aangaande Nhlumayo
se eis om skadevergoeding weens sy "loss of earnings":

(a) Indien veronderstel word dat alle verlore in-
komste ("all lost income") tot op die datum van
die delik (27 Oktober 1979) verdiskonteer moet word,
dan was Nhlumayo se reeds gelede verlies toe die
verhoor plaasgevind het R23 156 en sy toekomstige
verlies R63 489 (d.w.s. 'n totale verlies van R86 645);

en/.....

en (b): Indien veronderstel word dat reeds gelede verlies nie verdiskonteer moet word nie en toekomstige inkomste ("future income") tot op die datum van die verhoor terugverdiskonteer moet word, dan was sy reeds gelede verlies R34 377 en sy toekomstige verlies R130 120 (d.w.s. 'n totale verlies van R164 497). By die bepaling van hierdie bedrae is aftrekkings wat die verhoorhof weens gebeurlikhede ("contingencies") sou wou maak, buite rekening gelaat.

Albei aktuarisse het 'n berekening gemaak van die bedrae wat Nhlumayo waarskynlik sou verdien het as hy nie beseer is nie gedurende (a) die tydperk vanaf die dag waarop hy beseer is tot op die datum van die verhoor, en (b)

die tydperk vanaf die verhoor tot sy 65ste jaar,
wanneer hy sou opgehou het om te werk. Rolland se
benadering was dieselfde as dié van De Bruyn in die
Carstens-saak en dié van Beets in die Summers-saak.
Hy het die bedrae wat Nhlumayo gedurende die eerste
tydperk sou verdien het, onverminderd (d.w.s. sonder
om dit tot op die datum van die delik terug te ver-
diskonteer) as reeds gelede skade beskou, en die be-
drae wat Nhlumayo gedurende die tweede tydperk sou
verdien het, het hy terugverdiskonteer tot op die
datum van die verhoor. Koch het in die geval van
albei tydperke die betrokke bedrag tot op die datum
waarop Nhlumayo beseer is, terugverdiskonteer.

Rolland/.....

Rolland het getuig dat hy by die berekening van iemand se toekomstige skade nog altyd tot op die datum van die verhoor (of, waar partye die saak skik, tot op die datum van die skikking) verdiskonteer het en dat dit die algemene praktyk onder aktuarisse is. Sy benadering tot hierdie aangeleentheid blyk uit die volgende uittreksel uit sy hoofgetuienis:

"Now in practical terms what would be the result to a plaintiff if one was to discount all the income back to the date of the accident? -- Well it would mean that he wouldn't be able to place himself in the same position financially because the compensation would be too small.

Could you elaborate on that and tell us briefly how that would come about? -- Well assuming we know what he is going to earn in the future, we are trying to give him a lump sum to replace his lost income and

the/.....

the only way to do this at compound interest is to discount to the present time and not to some other date.

Now in discounting to the present time, can I express it this way, is one trying to give him a sum which, invested, will produce an annuity which will theoretically expire in the course of his lifetime? -- Yes.

Well during the course of his working life? --During the course of his working life, yes.

If an award was made now of an amount discounted to a date six years earlier would you have achieved the same results? -- No."

In die loop van sy kruisondervraging het hy in hierdie verband ook gesê:

".... as far as I am aware we are supposed to be trying to place the plaintiff in the position he would have been in had he not been injured. In order to replace his future income we can only discount to date of trial. If we discount back to date

of/.....

of accident the cash wouldn't be sufficient to replace his income."

Koch het, net soos hy ook in die Carstens-
en Summers-saak gedoen het, na Sigournay v. Gillbanks

1960(2) SA 552 (A) verwys en die mening uitgespreek

dat daardie saak die benadering verwerp het wat

Rolland gevolg het. Om toekomstige verliese tot op

die datum van die verhoor te verdiskonteer, het hy

gesê, "is the same thing as adding interest to a debt

which arose notionally at the date of the delict.

It has that effect numerically." Die getuie het

ook weer verwys na Santam Versekeringsmaatskappy

Bpk/.....

Bpk v. Byleveldt 1973(2) SA 146 (A), waar gesê is dat

dit "verlies van geskiktheid om inkomste te verdien"

is wat vergoed word, en nie "verlies van inkomste" nie.

Volgens Koch staan aktuarisse wat dieselfde metode

as Rolland volg onder die invloed van die praktyk in

Engeland, waar wetgewing "interest on ~~damages~~" toelaat.

Die verhoorhof (Leon R) het die berekenings-
metode wat deur Rolland gevolg is, aanvaar. Die
geleerde regter se bevinding oor hoeveel daar vir
gebeurlikhede toegelaat moes word en die appellant
se aanval daarop, word later in die uitspraak genoem
en bespreek.

In/.....

In al drie die appèlle waaroor hierdie uitspraak
gaan, is daar namens die appellant aangevoer dat die
verhoorhof 'n te groot bedrag as skadevergoeding
toegeken het (a) omdat / vergoeding vir skade wat gedurende die
periode tussen die datum van die delik en die datum
van die verhoor gely is nie tot die datum van die
delik verdiskonteer het nie; en (b) omdat dit vergoeding vir toekomstige
skade, d.w.s. skade wat in die periode tussen die
datum van die verhoor en die einddatum gely is, tot
op die datum van die verhoor in plaas van tot op die
datum van die delik verdiskonteer het. (In Summers se

Saak/.....

saak is die einddatum die datum wanneer die afhanklike

selfstandig sou word, en in die ander twee sake die

datum wanneer die beseerde sou opgehou het om te werk

indien hy nie beseer was nie.) Daar is aangevoer

dat die benadering wat deur die verhoorhof in elk van

die sake gevolg is op verskeie gronde foutief is.

Hierdie gronde kom op die volgende neer. In die eerste

plek word gesê dat daardie benadering in stryd is

met sekere vroeë beslissings van ons howe en, verder,

dat dit ook strydig is met die beslissing van hierdie

hof in Sigournay v. Gillbanks 1960(2) SA 552. In

die tweede plek word betoog dat indien skade wat op

die tydstip wanneer die verhoor plaasvind reeds gely

is/.....

is nie tot op die datum van die delik verdiskonteer word nie, en indien skade wat ná die datum van die verhoor gely word tot op die datum van die verhoor in plaas van tot op die datum van die delik verdiskonteer word, daar 'n voordeel aan 'n eiser gegee word wat dieselfde is asof daar rente op 'n ongelikwideerde skadevergoedingsbedrag toegeken word. Dit is erkende reg, lui die betoog, dat rente nie op 'n ongelikwideerde bedrag toegelaat word nie.

Ek behandel eerste die betoog dat die verhoorhof in al drie sake voor ons fouteer het deur 'n berekeningsmetode te volg wat in stryd is met beslissings van ons hof. Die advokaat van die appellant in die Summers-saak het ons verwys na 'n

aantal sake wat met die eise van afhanklikes te doen
gehad het en wat, volgens sy betoog, sou toon dat dit
'n ou gevestigde praktyk is om vergoeding vir verlies
van onderhoud te bepaal op die grondslag van die
gekapitaliseerde waarde, soos op die dag van die
broodwinner se dood bereken, van die bedrag wat die
broodwinner waarskynlik aan die onderhoud van die
afhanklike sou bestee het. Die sake waarna ons in
hierdie verband verwys is, is: Kennedy v. Port Elizabeth
Harbour Board 5 E D C 311; Waring & Gillow Ltd v.
Sherborne 1904 T.S. 340; Chisholm v. East Rand
Proprietary Mines, Ltd. 1909 T.H. 297; Hulley v. Cox
1923 A.D. 234; Smart and Others v. South African
Railways and Harbours 1928 N.L.R. 361; Paterson v.

South African Railways and Harbours 1931 C.P.D. 289;

Jacobs v. Cape Town Municipality 1935 C.P.D. 474;

Arendse v. Maher 1936 T.P.D. 162; Van Heerden v.

Bethlehem Town Council 1936 O.P.D. 115; Graaff v.

Speedy Transport 1944 T.P.D. 236; Maasberg v. Hunt,

Leuchars & Hepburn Ltd 1944 W.L.D. 2, en Roberts v.

London Assurance Co. Ltd 1948(2) S.A. 841(W).

Ek het hierdie sake gelees en is nie voornemens om

hulle een vir een te bespreek nie. Dit is voldoende

om te sê dat hulle nie die bestaan van 'n praktyk,

soos deur die advokaat aangevoer, bewys nie. Dit is

wel waar dat in sommige van die sake gelet is op die

gesamentlike lewensverwagting van die broodwinner

en die afhanklike, wat daarop kan dui dat skadever-

goeding/.....

goeding soos op die datum van die dood van die brood-
winner bereken is. Dit is egter nie duidelik dat dit
so was nie: daar is nêrens enige bespreking van die
aangeleentheid nie. Daar is ook nie in enige van die
sake ingegaan op, of 'n beslissing gegee oor, die
vrae waarmee ons in die onderhawige drie sake te doen
het nie. Punte wat meermale in hierdie
sake beklemtoon is, is dat 'n hof by die toekenning
van skadevergoeding 'n bedrag moet probeer bepaal wat
billik teenoor die eiser en die verweerder is en,
verder, dat by die bepaling van die betrokke bedrag
'n hof nie verplig is om die een of ander berekenings-
metode te volg nie. In Hulley v. Cox, supra, op 243-
244, het hierdie hof (per Innes HR) die volgende in

hierdie/.....

hierdie verband gesê:

"...compensation is only awarded in respect of material loss caused to the dependents of the deceased man by his death. Some authorities consider that the calculation should be based upon the principle of an annuity (See Grotius 3.33.2, Matthaeus de Criminibus 48.5.11.) Voet on the other hand favours a more general estimate. Such damages, he thinks, should be awarded as the sense of equity of the judge may determine, account being taken of the maintenance which the deceased would have been able to afford and had usually afforded to his wife and children. (Ad Pand. 9.2.11.) That would seem the preferable view as giving a greater latitude to deal with varying circumstances. It is at any rate desirable to test the result of an actuarial calculation by a consideration of the general equities of the case."

in
Daar is/verskeie latere sake na hierdie passasie

verwys/.....

verwys. Kyk bv. Graaff v. Speedy Transport, supra,
 waar 'n man die gekapitaliseerde waarde van die onder-
 houd wat hy en sy vrou (met wie hy binne gemeenskap
 van goedere getroud was) van hulle seun, wat gedood is,
 sou ontvang het, geëis het. Schreiner R het na die
 uitspraak in Hulley v. Cox, supra, verwys en o.a.
 gesê (op 239): "There is no hard and fast rule as to
 how such damages are to be calculated.....".

Daar is verder betoog, soos hierbo aangedui,
 dat die beslissing in Sigournay se saak, supra, inhou
 dat by die berekening van die vergoeding wat aan 'n
 eiser toegeken moet word vir die verlies van inkomste
 wat hy sou verdien het as hy nie beseer is nie, die

bedrag/.....

bedrag wat hy waarskynlik sou verdien het terugverdis-
konteer moet word tot op die datum van die delik.

(In Summers se saak is betoog dat dieselfde moet geld
in gevalle waar vergoeding weens verlies van onderhoud
geëis word.) In Sigournay se saak het die verhoorhof

(kyk Gillbanks v. Sigournay 1959(2) SA 11 (N)) die
eiser se skade gedurende drie tydperke bereken, nl.

(i) die tydperk tussen die datum van die delik en die
datum van die dagvaarding; (ii) die tydperk tussen
die datum van die dagvaarding en die datum van die
verhoor, en (iii) die tydperk tussen die datum van
die verhoor en die datum waarop die eiser sou opgehou
het om te werk. Schreiner AR, wat die uitspraak van

die/.....

die meerderheid van die lede van die hof geskryf het,

het o.m. gesê (op 557 G -558 B):

"Where there has been a change in the situation between the date of the delict and the date of the judgment this change may affect the amount of damages to be awarded. But in respect of the claim for loss of earnings in this case no relevant change took place between those dates. There was no income actually lost, in the sense of being earned but not received. In respect of the period before judgment the contingency of the plaintiff's death before reaching his expected terminal age had pro tanto been removed from the picture, but for the rest the enquiry was the same. It was throughout an enquiry into the damages based on the income that the plaintiff would probably have earned, and an estimate had to be made as to what the plaintiff would probably have earned in 1956 on precisely the same lines as the estimate as to what he would probably earn in 1960. In this ~~case~~ therefore I can see no advantage in

the/.....

the course adopted by the learned Judge, though not by the actuary, of splitting the period from the date of the delict to the end of the expected working life, so as to make points of division at the date of summons and at the date of judgment. Such a division at least introduces an unnecessary complication and may even lead to error if it is supposed that a fuller or more certainly verifiable amount of compensation is to be awarded in respect of the earlier period or periods than in respect of the last."

Hierdie passasie, lui die betoog van die appellante se advokate, is gesag vir die siening dat verdiskontering tot op die datum van die delik moet plaasvind.

In sy uitspraak in Carstens se saak het waarnemende regter Aaron 'n ontleding gedoen van die uitspraak

van/.....

van Schreiner AR in Sigournay se saak en van sy behandelingsdaarvan van die uitspraak van die verhoorhof in dieselfde saak (1959(2) SA.11) en op grond daarvan tot die gevolgtrekking gekom dat die uitspraak van Schreiner AR nie inhoud dat 'n hof verplig is "to capitalise loss of earnings, either past or prospective, as at the date of the delict" nie. (Kyk 1985 (3) SA 1018 G-1019 I.) Daar is voor ons betoog dat die geleerde regter se ontleding van die Sigournay-saak nie juis is nie. In die lig van die mening wat ek oor die aangeleentheid het, is ek nie voornemens om die juistheid al dan nie van Aaron Wnd R se bespreking van die aangeleentheid te behandel nie. Ek moet, met alle eerbied, sê dat ek nie seker is dat ek alles

wat/.....

wat Schreiner AR in die aangehaalde passasie gesê
het, reg verstaan nie. Die betekenis van die
laaste sin in die passasie is veral nie vir my duidelik
nie. Ek wil egter nie meer hieroor sê nie aangesien
ek van mening is dat Schreiner AR nie bedoel het om
dit as 'n vaste reël neer te lê dat verlies van inkomste
altyd soos op die dag waarop die delik gepleeg is,
bepaal moet word nie. Die geleerde regter se berede-
nering was toegespits op die geval voor hom, soos blyk
wanneer hy sê: "In this case I can see no advantage.....
judgment". (My beklemtoning.) Verder, dit is na my
mening onwaarskynlik dat hy 'n metode waarop skadever-
goeding bereken kan word tot 'n algemeen geldende voor-
skrif/.....

skrif sou wou verhef het. Indien die geleerde regter dit wou gedoen het, sou sy uitspraak, meen ek, 'n volledige bespreking van die aangeleentheid bevat het. In hierdie verband wil ek ook daarop wys dat dit na my mening blyk (soos later aangetoon word) dat die bepaling van skadevergoeding soos op die datum van die delik in die praktyk onbillik en nadelig teenoor 'n eiser kan werk. Dit is 'n faktor wat oorweging verdien voordat besluit kan word of dié of dáárdie metode van skadevergoedingsberekening gevolg behoort te word. In die uitspraak in die Sigournay-saak is daar nie aandag aan hierdie aangeleentheid gegee nie. Dit is 'n verdere rede

waarom/.....

waarom ek meen dat daar in Sigournay se saak

nie bedoel is om te sê dat vergoeding vir verlies

van inkomste altyd soos op die dag van die delik

bepaal moet word nie. Hier kan bygevoeg word

dat die hof tot op die hede toe die uitspraak in

Sigournay se saak nie so opgevat het dat dit voor-

skryf dat verdiskontering altyd op die datum van

die delik moet geskied nie.

Dit

blyk dat daar verskeie sake in hierdie hof was waar

die verhoorhof by die berekening van vergoeding

vir toekomstige verlies van inkomste tot op die datum

van die verhoor verdiskonteer het en dat hierdie hof

die aangeleentheid sonder kommentaar ook op daardie

grondslag/.....

grondslag behandel het. Kyk Shield Insurance Co.

Ltd v. Hall 1976(4) SA 431 op 443 F-H; A A Mutual

Insurance Association Ltd v. Maqula 1978(1) SA 805

op 812 A-B en 813 F; Marine & Trade Insurance Co.

Ltd v. Katz N O 1979(4) SA 961 op 977. Dit is wel

waar, soos namens die appellante voor ons betoog is,

dat in daardie sake nie betoog is dat die Sigournay-

saak die benadering wat deur die verhoorhowe gevolg

is, belet het nie, maar die feit dat die gedagte

nie by een van die geleenthede by hierdie hof opgekom

het dat die berekeningsmetode van die verhoorhof dalk

in stryd met die beslissing in die Sigournay-saak

was nie, is nogtans nie sonder betekenis nie.

Ek/.....

Ek is gevolglik van mening dat daar nie gesag bestaan wat bepaal dat vergoeding vir verlies van inkomste altyd, of noodwendig, soos op die datum van die delik bepaal moet word nie. Dieselfde geld wat vergoeding vir verlies van onderhoud betref.

In aansluiting by wat hierbo i.v.m.

Sigournay se saak gesê is, wil ek byvoeg dat die beslissing in daardie saak ook nie so opgevat moet word dat dit voorskryf dat vergoeding vir verlies van inkomste (of verdienvermoë) - en onderhoud - altyd, of noodwendig, in één berekening bepaal moet word nie.

In hierdie verband kan daarop gelet word dat in reël

18(10) van die Hooggeregshofreëls, wat op 15 Januarie

1965 in werking getree het, bepaal word dat wanneer iemand skadevergoeding weens "ongeskiktheid ten opsigte van verdienste" eis, hy in die uiteensetting van sy eis "die verdienste tot datum verloor" en "die beraamde toekomstige verlies" moet vermeld.

Ek bespreek vervolgens die betoog dat in elk van die drie sake waarmee ons hier te doen het die verhoorhof 'n te groot bedrag as skadevergoeding toegeken het omdat hy nie die betrokke eiser se skade soos op die datum van die delik bepaal het nie. Die betoog dat vergoeding vir die verlies van verdienvermoë

en/.....

en die verlies van onderhoud soos op die dag van die delik bepaal moet word, is gegrond op die stelling dat iemand teenoor wie daar 'n delik gepleeg word, se skuldoorsaak by die pleeg van die delik ontstaan.

Hierdie stelling is natuurlik juis. Die persoon

wat onregmatig deur 'n ander beseer word, of wie se

broodwinner deur 'n ander gedood word, of wie se saak

deur 'n ander beskadig of vernietig word, se reg om

vergoeding vir sy skade te eis ontstaan op die dag

waarop die delik gepleeg is. (Moontlike uit-

sonderingsgevalle kan buite rekening gelaat word.)

Omdat dit so is, lui die betoog verder, moet die

benadeelde sy skade ook soos op die datum van die

delik/.....

delik bepaal. Ons is na 'n reeks sake verwys as gesag vir die stelling dat vergoeding vir die skade wat deur 'n delik veroorsaak word, soos op die dag van die delik bepaal word. Die sake is: (a) Scrooby v. Engelbrecht 1940 TPD 100; (b) Heath v. Le Grange 1974 (2) SA 262 (K); (c) Philip Robinson Motors (Pty) Ltd v. N M Dada (Pty) Ltd 1975(2) SA 420 (A); (d) Monumental Art Co v. Kenston Pharmacy (Pty) Ltd 1976(2) SA 111 (K); (e) Botha v. Rondalia Versekeringskorporasie van SA Bpk 1978(1) SA 996 (T); (f) Victor N O v. Constantia Insurance Co Ltd 1985(1) SA 118 (K) en (g)

Majele/.....

Majele v. Guardian National Insurance Co Ltd 1986(4)

SA 326 (T.) In die eerste vyf van hierdie sake -

(a) tot (e) - het dit gegaan om die vergoeding van

die skade wat iemand gely het omdat 'n roerende saak

wat aan hom behoort het, beskadig is of - in geval

(c) - hom ontnem is. In vier van die vyf gevalle was

die saak 'n motorkar; in die vyfde geval was dit bou-

materiaal (geval (d)). In die Philip Robinson Motors-

saak ((c) hierbo) het Holmes AR gesê (op 428 F-G):

"The time at which to measure the delictual damage is ordinarily the date of the delict, because that is when the owner's patrimony is reduced. In the present case the date is 17 June 1971 when the respondent unlawfully disposed of the appellant's car to Vorster."

In Victor N O v. Constantia Insurance Co Ltd - (f)

hierbo.....

hierbo - waar dit gegaan het om die verlies wat 'n minderjarige kind gely het deurdat sy ouers, deur wie hy onderhou was, gedood is, het die hof gesê (op 120 E-F):

"It is common cause that the time at which delictual damages must be assessed is the date of the commission of the delict because it is then that the loss is suffered. See Philip Robinson Motors (Pty) Ltd v. N M Dada (Pty) Ltd 1975(2) SA 420(A) at 428 F-G."

Die betrokke passasie in die Philip Robinson Motors-saak is hierbo aangehaal. Laasgenoemde saak het, soos hierbo aangedui is, oor 'n eienaar se verlies van sy motorkar gegaan. In Majele v. Guardian National Insurance Co Ltd - (g) hierbo - het die verhoorregter hom ook op die hierbo aangehaalde passasie in die Philip Robinson Motors-saak beroep toe hy gesê

het/.....

het (op 327 E-F):

"It has been authoritatively established that in general the date of delict is the correct date from which to calculate damages."

Die appellant se betoog is dat vergoeding vir verlies van onderhoud (soos in die Summers-saak) en vir verlies van inkomste, of verdienvermoë (soos in die Carstens- en Nhlumayo-saak), net soos vergoeding vir skade aan 'n saak soos 'n motorkar, soos op die datum van die delik vasgestel moet word. In albei gevalle, lui die betoog, gaan dit immers om vergoeding vir 'n saak, of bate, in iemand se boedel. Wat skade weens verlies van onderhoud betref, is daarop

gewys/.....

gewys dat al gesê is dat dit om die verlies van 'n reg

gaan: kyk Peri-Urban Areas Health Board v. Munarin 1965

(3) SA 367(A) op 376 C, waar Holmes AR gesê het: "What

she has lost is a right - the right of support". Die

getuie Koch het, soos hierbo aangedui is, gepraat van

die verlies van 'n "expectation" wat vergoed moet word.

In die gevalle waar vergoeding geëis word omdat 'n eiser

weens beserings wat hy opgedoen het nie meer die inkom-

ste kan verdien wat hy vroeër verdien het nie, lui die

betoog dat dit eintlik om die verlies van die eiser

se "earning capacity" (verdienvermoë) gaan, en nie om

die verlies van inkomste nie; dat hierdie "earning

capacity" 'n bate in die eiser se boedel is en dat

vergoeding vir die verlies daarvan dus, net soos by

die/.....

die verlies of beskadiging van 'n saak soos 'n motorkar,
soos op die dag van die delik vasgestel moet word.

In hierdie verband is ons verwys na wat in uitsprake
van hierdie hof in Santam Versekeringsmaatskappy Bpk
v. Byleveldt 1973(2) SA 146 en Dippenaar v. Shield
Insurance Co Ltd 1979(2) SA 904 gesê is.

Die betrokke passasie in die Byleveldt-saak is
hierbo in die uiteensetting van die feite van die
Carstens-saak aangehaal. In die Dippenaar-saak is
(per Rumpff HR) gesê (op 917 B-C):

"The capacity to earn money is considered
to be part of a person's estate and the
loss or impairment of that capacity constitutes
a loss, if such loss diminishes the estate."

Dit/.....

Dit klink waarskynlik logies om te sê dat aangesien die slagoffer van 'n delik se skuldoorsaak op die dag van die delik ontstaan, sy vergoeding weens die verlies wat hy ly ook soos op daardie dag bepaal moet word. Ek meen egter nie dat dit noodwendig, of in alle omstandighede, 'n korrekte stelling is nie, en ek meen veral nie dat dit aanvaar moet word dat omdat skade aan 'n saak soos 'n motorkar soos op die dag van die delik bepaal moet word, vergoeding vir verlies van verdienvermoë of onderhoud noodwendig ook soos op die dag van die delik vasgestel moet word nie. Die twee gevalle is nie dieselfde nie. Wanneer 'n voor-

werp/.....

werp soos 'n motorkar vernietig of beskadig word, is die vernietiging of beskadiging gewoonlik onmiddellik voltooi en kan die omvang van die eiser se skade ook dadelik bepaal word. Dit is dus maklik om te verstaan waarom daar in die geval van sodanige skade vereis word dat die eienaar se skade soos op die datum van die delik bepaal moet word. Kyk in hierdie verband Botha v. Rondalia Versekeringskorporasie van SA Bpk 1978(1) SA 996 (T) op 1005 A-B waar Nestadt R die volgende i.v.m. die bepaling van vergoeding vir skade aan 'n motorkar gesê het:

"In/.....

"In the present matter there is no question of prospective damages. The owner's loss occurred and must, as indicated, be assessed at the time of the collision; it then became crystallized in that amount representing the difference in value immediately prior to and after the collision; no further calculation or assessment was necessary."

Dit is natuurlik waar dat indien 'n voertuig wat sê
maar R20 000 werd is op 'n sekere dag vernietig word
en die eienaar daarvan eers drie jaar later by die
verhoor daardie bedrag as skadevergoeding toegeken
word, hy eintlik nie ten volle vir sy skade vergoed
word nie. Hy het immers die gebruik van R20 000
vir drie jaar ontbeer, maar hierdie ongelukkige gevolg
is daaraan te wyte dat die reg blykbaar aanvaar dat

die/.....

die eienaar op die dag van die delik 'n ander ewe
goeie voertuig vir R20 000 sou kon gekoop het, of hy
dit kon bekostig het of nie, en dat sy skade dus
nie meer as R20 000 kan wees nie. Waar iemand
beseer word en sy verdienvermoë as gevolg daarvan
vernietig of verminder word, is die posisie nie
dieselfde nie. Al word iemand se verdienvermoë
as 'n saak, of 'n bate, in sy boedel beskou, is die
skade wat deur die vernietiging daarvan ontstaan nie
op die dag van die delik voltooi en bepaalbaar
soos in die geval van 'n motorkar wat vernietig
of beskadig is nie. 'n Mens het in so 'n geval
te doen met skade wat ná die dag waarop die delik
gepleeg is, d.w.s. in die toekoms in, bly voortduur.

Dieselfde oorwegings geld waar skade weens die dood
van 'n broodwinner ontstaan.

Ter ondersteuning van wat ek hierbo gesê
het oor die verskil tussen skade wat ontstaan wanneer
'n saak soos 'n motorkar vernietig of beskadig word en
wanneer iemand beseer of gedood word, wil ek kortliks
verwys na wat gesê word in A.R. Bloembergen, Schadever-
goeding bij Onrechtmatige Daad (uitg. 1965). Die
skrywer wys daarop (kyk 132-135) dat skade nie altyd
"in haar geheel op één tijdstip ontstaat" nie, en dat
'n mens by doodslag en verwonding met "voortdurende
schade" te doen kry. Die tydstip waarop die skade
en die verbintenis om schadevergoeding te betaal,

ontstaan/.....

ontstaan, sê die skrywer, is nie noodwendig dieselfde as die tydstip wat vir die bepaling van die inhoud van die verbintenis beslissend is nie. Die verbintenis om skadevergoeding te betaal, kan dus op die tydstip waarop dit ontstaan nog onbepaald wees en deur latere feite en omstandighede beïnvloed word. Werklik gelede skade, sê die skrywer, word dus nie volledig vergoed "als de ontwikkeling van het schadegeval niet in haar geheel in aanmerking genomen wordt."

Ek let vervolgens op die betoog dat indien skadevergoeding bepaal word op die wyse wat deur die verhoorhowe in die onderhawige drie gevalle gevolg

is/.....

